



RETHINK EDUCATION.
REINVENT YOURSELF.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

AFRIKAANSE TAALGIDS

TAALEENHEID

Saamgestel en bygewerk deur: Tisa Viviers

Inhoudsopgawe

1.	<i>Afrikaanse Woordelys en Spelreëls</i>	4
2.	Algemene Wenke	5
3.	Die werkwoord	9
4.	Hoof- en kleinletters	10
5.	Koppelteken	11
6.	Leestekens	12
7.	Lidwoord	15
8.	Naslaanbronne	16
9.	Skryfwyse – los of vas	17
10.	Taalseksisme	19
11.	Voegsel-s	20
12.	Woordvolgorde	20
13.	Nuutskappings/Neologismes	21
14.	Tweetalige terminologielys	21
15.	Afkortings	30

In hierdie gids word baie min herhaal wat reeds in ander naslaanbronne en woordeboeke voorkom. In Afrikaanse vertalings/taalversorging gebruik ons die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS – 2009) as die hoofnaslaanbron.

Goue reëls: Wees **konsekwent** in jou skryfwyse.
Skakel **verwarring** en **dubbelsinnigheid** uit.

Indien jy enigsins twyfel, raadpleeg jou woordeboeke en ander naslaanbronne oor en oor en oor!

1. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (2009)

Op bladsy xiii-xxii is 'n toeligting van hoe om die AWS met vrug te gebruik. Die AWS bestaan uit die volgende afdelings:

Die Spelreëls: Reëls vir spelling en skryfwyse (bl. 1-184)

Die Woordelys (bl. 185-470)

Die Afkortingslys (bl. 471-521)

Lys buitelandse geografiese name met afleidings (bl. 522-545)

Transliterasietabel (bl. 546-549)

Omgangsafrikaans: Skryfriglyne (bl. 550-553)

Terminologielys (bl. 554-576)

Die spelreëlgedeelte (bl. 1-184) behandel die volgende kwessies breedvoerig wat u in die inhoudsopgawe kan naslaan:

- Afbreek van woord
- Afkappingsteken
- Afkortings
- Akuutteken
- Deelteken
- Diftonge
- Getalle, syfers en simbole
- Gravisteken
- Hoof- en kleinletters
- Kappie
- Konsonante
- Koppeltekens
- Meervoudsvorme
- Skryfwyse - los of vas
- Verkleiningsvorme
- Vokale
- Wisseling en subkategorieë
- Woorde van vreemde herkoms

Die woordelysgedeelte (bl. 185-470) bevat 'n lys van woorde wat dikwels spelprobleme bied. Dit is nie 'n woordeboek nie en bevat derhalwe geen

verklarings/vertalings van woorde nie. Om vinnig na te slaan wat 'n woord se meervoudsvorm is, of dit een of twee woorde is, ens. is die woordelys baie gebruikersvriendelik.

Die afkortingslys (bl. 471-521) bevat 'n omvattende lys van **erkende** afkortings in Afrikaans.

Omgangsafrikaans: Skryfriglyne (bl. 550-553) bevat voorbeelde van woorde wat nie deel van die Standaardafrikaanslys is nie.

Agterin is 'n indeks vir naslaandoeleindes.

Die Woordelys van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* is nou ook elektronies beskikbaar by: <http://www.woordelys.co.za> (gratis).

2. Algemene wenke

2.1 Wisselvorme

Die volgende woorde is wisselvorme van mekaar, met ander woorde die een kan die ander een vervang.

Bv. vitamine (mv. = vitamines) x vitamien (mv. = vitamie)
 proteïne (mv. = proteïnes) x proteïen (mv. = proteïene)
 bylae (mv. = bylaes) x bylaag (mv. = bylae)
 restaurant x restourant
 privaat x private
 aalwyn x alwee
 plastiek x plasties
 aspirine x aspirien
 Zulu x Zoeloe

Maar: die volgende woorde is nie wisselvorme nie, die een is 'n selfstandige naamwoord en die ander een 'n byvoeglike naamwoord.

S.nw.	B.nw.
marine	mariene
stereotipe	stereotiepe

Implikasie: marinebioloog x mariene bioloog

bydrae (selfstandige naamwoord) bydra (werkwoord)

politieke (byvoeglike naamwoord) polities (bywoord)

aankondig (nuwighede) afkondig (openbaar maak)

2.2 Deelteken

Wanneer gebruik ons 'n deelteken in 'n **woord**? Die deelteken word ter wille van uitspraak en om verwarring te voorkom, gebruik.

Sonder deelteken:	Met deelteken:
finansieel	finansiële
dieet	diëte
prieel	priële
hoer	hoër
definieer	

2.3 Spelwyses en skryfwyses wat van Engels verskil waaroor ons soms onseker is.

2.3.1 vaktydskrif/wetenskaplike tydskrif (Eng. = journal); joernaal is in Afrikaans 'n dagboek/logboek; word soms onder invloed van Engels vir 'n vaktydskrif gebruik

2.3.2. e-pos
e-posadres
ge-e-pos

2.3.3 **akkommodasie**
komitee
kommissie
galery
onmiddellik
millennium
Japannese
Irakkese (kan ook Irakse wees)

2.4 Nagraadse studie

2.4.1 Let op dat ons van studie en eksamen (enkelvoud) praat, waar in Engels van “studies” en “exams” gepraat word.
Bv. Gedurende die Junie eksamen... (een eksamen met baie vraestelle);
Sy wil haar studie staak – een studierigting.

2.4.2 M-studente skryf 'n **verhandeling** of **skripsie** (gedoseerde M-graad) en het 'n studieleier.
D-studente het 'n **promotor** en skryf 'n **proefskrif**.

Aan UJ word “supervisor” vir magister- én doktorsale studie in Engelse dokumente gebruik.

- ontstaan, aanleiding gee tot, veroorsaak, meebring, bewerkstellig, skep, onderliggend aan, lê ten grondslag
- 2.14.3 in line with = ooreenkomstig, in ooreenstemming met, strook met
- 2.14.4 address (an issue) = behandel, onder die loep neem, hanteer, aandag gee aan, belig, aanroer, bespreek (**aanspreek* is om iemand te berispe, vermaan, tereg wys)
- 2.14.5 in place = vestig, instel, in bedryf stel (inbedryfstelling), in werking stel, tot stand bring, van krag maak; **nie in plek stel nie!**
- 2.14.6 daarstel = ontwerp, oprig, opstel, tot stand bring, vorm
- 2.15 Grootliks = in groot mate/besonder erg
Grotendeels = hoofsaaklik/vir die grootste gedeelte
- 2.16 Spelling: Tsjetsjnië (AWS: Plekname bl. 543)
- 2.17 **Filofax** = Engels en Afrikaans = eienaam
AstroTurf = eienaam
- 2.18 uitstalling en tentoonstelling is sinonieme; tentoonstelling is meesal groter in omvang
- 2.19 prioriteitskole (in plaas van voedingskole)
- 2.20 ervaring **in** tikwerk (prosesse)/ervaring **van** karre (dinge)
- 2.21 **getal/aantal/hoeveelheid**
Getal is 'n syfer, aantal 'n benaderde aanduiding van telbare entiteite. Bv. 'n Aantal mense is dood, maar die getal is onbekend.
Hoeveelheid is uiteraard nie bruikbaar vir enigiets wat telbaar is nie (hoeveelheid melk, water, ens.)
- 2.22 **kaap/skaak**
voertuie en vaartuie word ge~~kaap~~ en mense en vliegtuie geskaak.
- 2.23 wedvlug = vliegtuie
wedvvaart = vaartuie (kano's, bote)
wedren = rytuie
wedloop = "lywe" wat hardloop
- 2.24 ontruim = huise en dorpe word ontruim (nie mense nie = hulle word verskuif)

- 2.25 So, ... (Eng.) = Dus, ...(Afr.)
- 2.26 ontbloot = “kaal maak”
blootlê = “laat sien”
- 2.27 Die werkwoord “groeï” is nie ’n oorganklike werkwoord nie, met ander woorde ons kan nie sê: “Ons groeï ons besigheid.” nie. Ons laat ons besigheid groeï (ontwikkel), die bome/gras groeï, kinders groeï, ens.
- 2.28 **biljoen x miljard**
biljoen = miljoen miljoen (bi- dui twee aan), dus miljoen het ses nulle (1 000 000) en biljoen (twee keer miljoen) het 12 nulle (1 000 000 000 000).
miljard = nege nulle (1 000 000 000).
Dit verskil van die Amerikaanse stelsel: *billion* in Amerika bevat nege nulle en *trillion* 12 nulle, maar triljoen (tri- = drie) in Afrikaans is miljoen miljoen miljoen (drie keer miljoen) bevat 18 nulle (drie maal ses nulle van miljoen).
- 2.29 **Lydende en bedrywende vorm** (aktief en passief)
word = teenwoordige tyd in lydende vorm
is = verlede tyd in lydende vorm
Met ander woorde:
Ek eet ’n roomys (teenwoordige tyd) > ’n Roomys **word** deur my geëet.
Ek het ’n roomys geëet (verlede tyd) > ’n Roomys **is** deur my geëet (nie was nie!!)
- 2.30 **te wyte aan x te danke aan (danksy) x toeskryf**
- Te wyte aan: iets onaangenaam of negatief is te wyte aan, bv. ons armoede is te wyte aan die droogte
Te danke aan/danksy: iets gunstig, bv. dit is te danke aan my pa dat ek so baie van musiek hou/danksy my pa hou ek baie van musiek
Toeskryf (neutraal) = die siekte word aan besmette water toegeskryf

3. Die werkwoord

Die “reël” bly steeds dat ons die werkwoord so na as moontlik aan die einde van sinne plaas. Dit moet egter nie te ver gevoer word nie, anders kry ’n mens dikwels ’n opeenhoping van werkwoorde aan die einde van die sin:

’n Koerantbyskrif het gelui: "Op die foto kan die gat waarin twee Swartes toe die wand ingestort het, dood is, gesien word."

Om hierdie sin (en derhalwe hierdie probleem) te oorkom, moet ons eerder die werkwoorde na dié sinsdele skuif waarop hulle betrekking het:

"Op die foto kan die gat gesien word waarin twee Swartes dood is toe die wand ingestort het."

Tweedens kan ons, indien moontlik, van 'n byvoeglike **bysin** 'n byvoeglike naamwoord maak:

Die vorm wat nodig is, moet ingelewer word.
Die nodige vorm moet ingelewer word.

4. Hoof- en kleinletters

Moet nie oordadig met hoofletters wees nie, gebruik hulle spaarsamig. Opskrifte word in die gewone sinsformaat geskryf en die ou manier om sogenaamde belangrike woorde met hoofletters te skryf, word nie aanbeveel nie. Vermy ook die gebruik om opskrifte of 'n hele teks in hoofletters te skryf - dit is wetenskaplik bewys dat dit baie moeilik lees, aangesien die letters almal ewe groot is en dan stremming op die oë plaas.

- 4.1 Die volgende woorde word altyd met kleinletters in die middel van sinne geskryf:
 - 4.1.1 magistergraad, honneursgraad, doktorsgraad, professor, senior lektor, dominee, pastoor
 - 4.1.2 rugby, krieket, hokkie, netbal, karate, ens.
 - 4.1.3 lente, somer, herfs, winter
 - 4.1.4 suid, oos, noord, wes
 - 4.1.5 mnr. Gouws, prof. De Bruyn, me. Smit

LW - Die nuwe onderwyser is mnr. Dirk van der Merwe/mnr. D. van der Merwe - indien daar 'n naam of voorletter voor die van is, word die eerste deel van 'n van wat uit twee of drie dele bestaan met 'n kleinletter geskryf.

Maar - Die nuwe onderwyser is mnr. Van der Merwe = geen naam of voorletter nie, dus 'n hoofletter vir die eerste deel van die van.

- 4.2 Aanhef van 'n brief

Geagte Meneer - Beste mnr. Van der Merwe
Geagte Professor - Geagte prof. Smit
Beste Tannie - Beste tannie Viljoen
Liewe Ouers/Beste Eerstejaar

- 4.2.1 Die volgende word met hoofletters geskryf:
Departement Rekeningkunde, Fakulteit Natuurwetenskappe

Hy is verbonde aan die Departement Engels en sy vrou werk in die Afdeling Finansies.
(*Beeld* het hul eie interne reëls.)

- 4.2.2 Vir meer inligting en voorbeelde vergelyk die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, bladsy 61 tot 93 (veral punt 9.24 vir ampsbenamings soos die Rektor, ens.)

5 Koppelteken

Die koppelteken is 'n manier van vas skryf, met ander woorde die woord is eintlik een woord, maar ons gebruik die koppelteken om die woord leesbaarder te maak en om verwarring uit te skakel.

- 5.1 Die koppelteken word gebruik om woorde makliker leesbaar vir die leser te maak. Lees die volgende woorde vinnig: snyyster, eenosjuk, gissel, boseland en dekriet. Lees hulle nou weer met die koppelteken: Sny-yster, eenos-juk, gis-sel, bos-eland en dek-riet.
- 5.2 Ook waar 'n opeenhoping van vokale voorkom, help die koppelteken dat die woord reg gelees en verstaan word. Bv. seeeend = see-eend; drieenig = drie-enig; toeien = toe-eien.
- 5.3 Die afstandskoppelteken: in plaas daarvan om te veel woorddele te herhaal, maak ons van die afstandskoppelteken gebruik. Dus, in plaas van *Die hoofletters en die kleinletters se gebruik word bespreek*, sê ons: Die hoof- en kleinletters se gebruik Indien woorde egter nie normaalweg as een woord geskryf word nie, gebruik ons nie die afstandskoppelteken nie, dit wil sê *Ekonomiese* en *Bestuurswetenskappe*. Hoewel *Ekonomiese* ook wetenskappe bepaal (*Ekonomiese Wetenskappe*), word dit los geskryf en die feit dat *Bestuurs-* vas aan wetenskappe geskryf word, vereis nie dat die **byvoeglike naamwoord** *Ekonomiese* ook nou vas moet wees nie. Indien ons die twee sou omruil, sou dit soos volg wees: *Bestuurs-* (koppelteken, want normaalweg vas aan wetenskappe) en *Ekonomiese Wetenskappe*.
- 5.4 Personeelbestuurder/-beampte = personeelbestuurder of personeelbeampte.
- 5.5 Afkorting of akroniem plus 'n soortnaam kry 'n koppelteken in Afrikaans:
graad 12-leerling
o.16-span
5 kg-sak
b.v.p.-beslissing
WETRAH-lesing

(AWS, bl. 115, Reël 12.8)

- 5.6 **LW:** Waarheid-en-Versoeningskommissie (een kommissie)
moord-en-roofafdeling (**een** afdeling wat moord en roof hanteer)
kaas-en-wynonthaal (**een** onthaal waar kaas en wyn bedien word)
- 5.7 Nege lande toer na Europa = nege lande gaan almal 'n toer na Europa onderneem.
Nege-lande-toer-na-Europa = nege lande gaan besoek word tydens 'n toer na Europa.
- 5.8 Eienaam + soortnaam = drie opsies; kies een en wees **konsekwent**.
i. Lindenouer = een woord
ii. Linden ouer = twee woorde
iii. Linden-ouer = met koppelteken
- 5.9 werknemer-werkgewer-verhouding (twee koppeltekens nie solidus (/) nie)
NB: Die solidus word gebruik wanneer ons of bedoel; ons skei dus alternatiewe: bestuurder/opsigter/toesighouer – die een of die ander.

6. Leestekens

6.1 Aanhalingstekens en hakies

- 6.1.1 In Afrikaans word die aanhalingstekens aan die begin en die einde **bo** geplaas. Normaalweg word van die dubbelaanhalingstekens gebruik gemaak ("...") en wanneer ons 'n aanhaling in 'n aanhaling het van die enkelteken. Bv. "Ek noem hom 'Lappies'."

Die punt ten opsigte van die aanhalingstekens en hakies is soos volg:

Indien 'n volledige/voltooide sin tussen hakies of aanhalingstekens staan, dan kom die punt voor die hakies/aanhalingsteken:

"Moet nie weer laat wees nie."/(Lees weer die hoofstuk oor die koppelteken.)

Sou die aanhaling/hakiegedeelte slegs 'n deel van 'n sin wees en toevallig aan die einde van die sin staan, kom die punt **na** die aanhalingstekens/hakie:

Viljoen sê altyd hy is die "baas van die plaas"./Sy kom om vyfuur (nie later nie).

*Onthou dit wat tussen hakies staan, kan weggelaat word sonder dat iets van die betekenis van die sin verlore gaan.

6.1.2 Indien 'n aanhaling oor meer as een paragraaf strek, kom die aanhalingstekens aan die begin van elke paragraaf, maar nie aan die einde nie. Slegs die laaste paragraaf wat deel van die aanhalings is, word met aanhalingstekens gesluit.

6.1.3 Wanneer dele uit 'n aanhaling weggelaat word, maak ons van stippels (slegs **drie**) gebruik, bv. Hy skryf: "So 'n optrede ... sal die volk tot opstand aanhits."

6.2 Dubbelpunt

6.2.1 Na 'n dubbelpunt kom daar nie 'n hoofletter in die normale aaneenlopende volgorde van die sin nie: *Hierdie verskynsel hang saam met veroudering as sodanig: ek meen dat elkeen 'n bydrae tot die welsyn van die bejaardes kan lewer.*

6.2.2 Elke item van 'n lys wat na 'n dubbelpunt gegee word, kan op 'n nuwe reël kom - elke item kan met 'n hoof- of kleinletter begin. Let egter op die samehang tussen interpunksie en hoof- en kleinletters. Die reël geld of jy Romeinse syfers (i, ii, iii) kleinletters (a, b, c) of aandagstippers/koeëlpunte ("bullets") gebruik. Julle moet sorg dat:

- i. julle netjies is;
- ii. julle goed alles in die koffers is;
- iii. julle betyds op die stasie aankom; (en)
- iv. die deure almal gesluit is.

Dus: kleinletters word saam met die kommapunt gebruik.

LW: Elke item voltooi eerste inleidende sin, maak dus seker dat **elke** sin korrek lees - die werkwoord moet op die regte plek in die sin wees.

Moet nie 'n ekstra sin by 'n item voeg nie.

Korrek: Die bestuurder sal die vorm
a. bestudeer;
b. aan die direksie voorlê; en
c. terugstuur.

Verkeerd: Die bestuurder sal
a. die vorm bestudeer;
b. dit aan die direksie voorlê. As die direksie nie daarmee tevrede is nie, word die vorm aan die betrokke beampte teruggestuur.

- c. indien die vorm korrek ingevul is, dit onderteken en terugstuur.

Oorkom die probleem soos volg:

- i. Plaas die aanvullende sin tussen hakies of aandagstrepe.
 - ii. Voeg 'n "Opmerking:" in.
- *Let op na die leestekens.

Dus: Die bestuurder sal die vorm

- a. bestudeer;
- b. aan die direksie voorlê (As die direksie nie met die inhoud tevrede is nie word dit aan die betrokke beampte teruggestuur.);
- c. onderteken en terugstuur.

of

- b. aan die direksie voorlê - as die ... teruggestuur -;

of

- b. aan die direksie voorlê;
Opmerking: As die direksie ... terugstuur.
- c. ...

6.2.3 Vir algemene kennisname:

- i. Geen tasse toegelaat nie(.)
- ii. Selfone afgeskakel tydens eksamens(.)
- iii. Aparte eksamenboek vir elke afdeling(.)

Hoofletters aan die begin dan punt aan die einde.

6.2.4 Indien lys slegs uit enkelwoorde bestaan, word kleinletter sonder enige leesteken aanbeveel.

Sy verkoop:

- i. koeksisters
- ii. droë perskes
- iii. beskuit
- iv. toffie-appels(.)

6.3 Komma

6.3.1 Byvoeglike bysin

Daar is drie soorte byvoeglike bysinne.

- 6.3.2.1 Die eerste tipe is die **beperkende (of egte)** byvoeglike bysin. Hierdie tipe bysin begin met *wat* of *waar* en **bepaal** of **beperk** werklik die antesedent en word **nie** deur 'n komma voorafgegaan nie, met ander woorde bysin kan nie weggelaat word nie.
Bv. Hulle het net die mense geneem wat wou saamgaan.
- 6.3.2.2 Die tweede tipe is **aanvullend** en kan dus in teorie weggelaat word sonder dat die kern van die mededeling verkeerd vertolk word. Dit is die **uitbreidende** bysin. Die twee sinne word met 'n komma geskei.
Bv. Die regering moet die boere, wat langs die rivier woon, laat verwyder.
- 6.3.2.3 Die derde tipe stem baie ooreen met die vorige tipe, behalwe dat die bysin nie net na 'n woord verwys nie, maar na 'n hele voorafgaande stuk sin. Ook hierdie tipe word deur 'n komma van die voorafgaande geskei.
Bv. Hulle het teruggeval na die koppie, wat hulle in 'n gunstiger posisie geplaas het.
- 6.3.2 Die komma kom normaalweg nie voor *en* nie - beslis nie wanneer 'n klomp items gelys word nie. Bv. Sy hou van pere, appels, piesangs en perskes. Wanneer daar egter na die *en* 'n nuwe onderwerp is, kan 'n komma wel voor *en* gebruik word. Bv. Die kinders hier was Sannie en Piet, en Tom was ...
- 6.4 Daar kom nie 'n komma by die verdubbeling van voornaamwoorde nie: Sy gee vir ons ons boeke.
- 6.5 Die komma al dan nie bepaal die betekenis van 'n sin: Oom Jan se seun Jan = oom Jan het meer as een seun./Oom Jan se seun, Jan = oom Jan het net een seun.

7. Lidwoord

In Engels word die lidwoord dikwels weggelaat waar ons dit in Afrikaans **moet** gebruik:

in practice	in die praktyk
most people	die meeste mense
ask management	vra die bestuur
Senate decided	die Senaat het besluit
Council will meet	die Raad sal vergader
on campus	op die kampus

8. Naslaanbronne

Taal is dinamies en ontwikkel so vinnig dat geen woordeboek al die nuutste terme kan bevat nie. Ons dink hier byvoorbeeld aan die tegnologiese ontwikkeling wat rekenaars betref en uitkomsgebaseerde onderwys (UGO). Gelukkig kan ons die korrekte term by taalburo's, die Nasionale Terminologiesiens in Pretoria en op die internet opspoor.

Nasionale Terminologiesiens: 012 337 8000
Internetadresse: <http://www.afrikaans.com>
<http://www.mieliestronk.com> (vir Afrikaanse
idiome)
<http://www.acronyma.com/>
<http://www.translators.org.za> (Suid-Afrikaanse
vertalersinstituut (SAVI))
<http://oulitnet.co.za/rekenaar/default.asp>

Taalnavrae aan UJ:	Engels:	Esmé Grobler 011 559 4223 esmeg@uj.ac.za
	Sesotho sa Leboa: (Noord-Sotho)	Moroa Leshilo 011 559 4209 mleshilo@uj.ac.za
	Afrikaans:	Tisa Viviers 011 559 4212 tisav@uj.ac.za
	IsiZulu:	Nomusa Sibiyi 011 559 4216 nsibiyi@uj.ac.za

Wanneer u 'n naslaanbron wil aansoek, kyk voorin wanneer dit gepubliseer is. Die wynrooi HAT van 2005 is byvoorbeeld die nuutste uitgawe (5e uitgawe) en bevat heelwat neologismes. Gebruik altyd die mees onlangse bron.

Lees die voorwoord van elke woordeboek wat u gebruik. Daarin word riglyne gegee oor hoe die spesifieke woordeboek georden is, watter afkortings gebruik word, of uitspraak aangedui word, ens. Hierdie etikette verskil van woordeboek tot woordeboek.

Die volgende woordeboeke/boeke word aanbeveel:

- WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) elektronies beskikbaar (A-R) – mees omvattende woordeboek vir Afrikaans.
- HAT (Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) (2005) - ook elektronies beskikbaar: Elhat
- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) (2009)
- Pharos tweetalige woordeboek (2005)
- HAT Taal- en Feitegids (Uitgewer: Pearson) (2013)
- Tweetalige Frasewoordeboek/Bilingual Phrase Dictionary (Uitgewer: Pharos) (1997)
- Tesourus: Afrikaans en Engels
- Oxford/Collins/Cambridge (Advanced Learner's) Dictionary
- Speltoetsers: (i) Noordwes-Universiteit se nuutste speltoetser: Afrikaanse SkryfGoed 4. Hulle het ook speltoetsers in die ander 10 amptelike tale van Suid-Afrika.

(http://speltoetser.co.za/index..hph?frontend_action=display_text_content&item_id=143)

- *Skryf Afrikaans van A tot Z* (2011) deur Dalene Müller en Sebastian Pistor uitgegee deur Pharos
- *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom. 8 000 Afrikaans expressions with English equivalents* deur Anton Prinsloo (Uitgewer: Pharos) (2004).
- *Stylboek. Riglyne vir paslik skryf.* deur P. du Toit & W. Smith-Müller
- *The Cambridge Guide to English Usage.* (Uitgewer: Cambridge University Press) (2004)
- Op die webwerf van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (www.akademie.co.za) is daar talle woordelyste, soos bv. 'n tweetalige Sterrekundewoordeboek, Kunstewoordeboek, Chemie-, Fisika- en Paramediese woordeboeke.

9. Skryfwyse - los of vas

9.1 Die volgende woorddele word **altyd** vas aan die volgende woord/deel geskryf:

top + ...	=	topstudente, topleerling, toppresterder
reuse + ...	=	reusesukses, reusepoging
hoof + ...	=	hoofamptenaar, hoofrekenmeester
oud + ...	=	oudleerling, oudstudente, oud-RAUKie
vise + ...	=	visekanselier, viserektor
makro + ...	=	makrogids, makro-ekonomie
mikro + ...	=	mikro-ekonomie, mikrovliegtuig
multi + ...	=	multimedia, multidisiplinêre
sub + ...	=	subafdeling, substandaard
self + ...	=	selfdisipline, selfondersoek

super + ... = superster, supermodel, supertwaalf (super-12)

LW Wanneer daar egter 'n byvoeglike naamwoord tussen die twee woorddele ingevoeg word, het ons die volgende opsies:

- i. Kyk of jy nie die woordorde kan verander sonder om die betekenis te verander om die probleem te oorkom nie. Bv. top Suid-Afrikaanse atlete
Suid-Afrikaanse topatlete
- ii. Indien dit nie moontlik is nie, kan jy bv. "hoof mediese beampte" soos volg skryf: hoof- mediese beampte of hoof mediese beampte (AWS, bl. 40, afstandsamestellings).

9.2.1 Die volgende woorde word altyd los van die daaropvolgende woorde geskryf:

Privaat/private - hierdie twee woorde is omruilbaar en word **altyd** los van die daaropvolgende woorde geskryf, aangesien hulle byvoeglike naamwoorde is; behalwe in gevestigde gevalle soos Privaatreg.

hoër onderwys, maar hoëronderwysinstelling; hoëronderwyslandskap

9.3 Drieledige samestellings of samestellende samestellings

Ons skryf normaalweg 'n byvoeglike naamwoord los van die daaropvolgende selfstandige naamwoord, maar wanneer verwarring kan ontstaan, moet ons die volgende reël volg:

Gebruikte voertuigverkoper = Is dit 'n gebruikte voertuig of 'n gebruikte verkoper?

Outomatiese telefoongebied = Is die telefoon of die gebied (?) outomaties?

Om verwarring uit te skakel, maak ons van 'n drieledige samestelling gebruik:

∴ gebruiktevoertuigverkoper en outomatiese telefoongebied

- 9.4 ook al = twee woorde
al dan nie = drie woorde
op pad = twee woorde
so iets = twee woorde

9.5 Hoër Graad
Laer Graad
Standaardgraad

10. Taalseksisme

Taalseksisme beteken dat 'n mens gedurig na *hy/hom* verwys waar dit netsowel 'n *sy/haar* kon gewees het. 'n Regter, direkteur, bestuurder, ens. is nie noodwendig 'n manlike persoon (stereotipering) nie. Ons moet probeer om dit in ons tekste te oorkom sodat ons nie een van die twee geslagte bevoordeel/benadeel nie. Die een wyse is om telkens *hy/sy* en *hom/haar* te skryf. Dit is egter baie lomp en lees moeilik. Ons kan die probleem op die volgende wyses oorkom:

- Gebruik die meervoud
- Gebruik die artikels *'n/die*
- Gebruik die passiewe vorm (nie te veel nie)
- Elimineer die *hy* of *sy* heeltemal
- Herformuleer

Voorbeelde van seksistiese taal met nie-seksistiese alternatiewe moontlikhede:

- Die student moet sy vorm indien. > Die studente moet hulle vorms indien.
- Die student moet sy vorm indien > Die student moet die vorm indien.
- Die student moet sy vorm indien. > Die vorm moet ingedien word.
- Die student het dit gedoen en hy was tevrede. > Die student het dit gedoen en was tevrede.
- Verkeersman > verkeersbeampte
- Verpleegster > verpleegkundige

Die volgende invoegsel met erkenning aan prof. W Botha, emeritusprofessor, Departement Afrikaans (UJ):

Daar bestaan in die semantiek 'n beginsel soos 'semantiese gemerktheid'. Dit beteken dat wanneer dinge in semantiese opposisie staan, een van die twee terme gewoonlik semanties gemerk is met betrekking tot byvoorbeeld geslag. So word die woord *onderwyseres* byvoorbeeld morfologies vroulik gemerk deur die suffiks *-es*. Die woord *onderwyser*, daarenteen, is semanties ongemerk en kan dus vir sowel die manlike as vroulike vorme – en ook neutraal – gebruik word, dikwels generies. Lyons (1968:79) sê hieroor: "(T)he unmarked term has a more general sense, neutral with respect to a certain contrast". (Lyons, John. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press). Om dus na onsydige goed anafories deur *hy* of *hom* te verwys, het hoegenaamd niks met geslag te doen nie – miskien juis omdat ons in Afrikaans nie grammatikale gemerktheid met betrekking tot manlik, vroulik en onsydig het in ons lidwoordgebruik nie, soos in Duits: *der Mann, die Frau* en *das Kind*.

Ek het verder ook geen probleem om manlike en vroulike vorme kontrasterend te gebruik wanneer die konteks daarna vra nie. As ek in een konteks na 'n *verpleër* verwys en binne 'n ander konteks na 'n *verpleegster*, wil ek juis verwysend-spesifiek wees! Ek dink tog daar is nog baie vroue (miskien die meerderheid) wat nie deur taal tot iets geslagloos gereduseer wil word nie.

Ek dink 'n mens moet versigtig wees – binne alle kontekste - wanneer 'n mens probeer om nie-diskriminerend te wees. Dit is juis d n wanneer 'n mens dikwels diskriminerend optree!

11. Voegsel-s

Engels + sprekende - Engelssprekende (twee s'e omdat eerste woord op -s eindig en die volgende een met 's' begin.)

Liefde + **s** + lewe = liefdeslewe, maar

Liefde + sanger = liefdesanger = (2e woord begin met 's' daarom voeg ons nie nog 'n s in nie)

12. Woordvolgorde

Afrikaans en Engels verskil nie net wat die plasing van die werkwoord betref nie.

Engels:	how (manner)	where (place)	when (time)
Afrikaans:	wanneer (tyd)	hoe (wyse)	waar (plek)

Bv. The lady walked fast (how) in the mall (where) after lunch (when).
Die vrou het na ete (wanneer) vinnig (hoe) in die winkelsentrum (waar) geloop.

12.1 Volgens die Internasionale Standaard-organisasie (ISO) kom daar altyd 'n spasie tussen die syfer en simbool vir afstand/inhoud. Bv. 1 cm; 5 kg, 200 m
(m = miljoen; k = 1 000)

12.2 **nie** = Afrikaans gebruik steeds die dubbele “nie”, met die tweede “nie” aan die einde van die sin.

Ek hou **nie** van spinasie **nie**.

Geen tasse word in die lokaal toegelaat **nie**.

Ek het **niks** verkeerd gedoen **nie**.

12.3 Die onbepaalde lidwoord in Afrikaans se komma moet 'n “nege” = ' wees en **nie** 'n “ses” = ' **nie**. Dus 'n. Dit kan ook soos volg wees: 'n.

13. Nuutskappings/Neologismes

- ✚ Kleptokrasie = kleptomanie + outokrasie: diegene in magsposisies se onversadigbare grypsug om nog meer rykdom in te palm
- ✚ Tenderpreneur = persoon in regering wat politieke mag en invloed misbruik om staatstenders en -kontrakte te bekom
- ✚ **Twieters** wat op Twitter **twiet**
- ✚ Romkom (flik) = romantiese komedie

14. Tweetalige terminologielys

A

academic cap
Academic Development Centre:
Tutor Development & Learning Development
Academic Development Centre:
Writing Centre & Academic Literacies

academic dress
academic procession
academics
access cards
access control
admission policy
adversely affect
advertising poster
angel investor

Applied/Exercise Physiology
appropriation/appropriate
apps (computer)
as such
attainability
authority to finalise a matter(s)

B5 Building
Banking, Business and Taxation Law
barcoding
bench marking
biographical information
bold
branding

briefing
brownfield investment
browser
budgeting process
bullets
bully/bullying
bursaries at UJ: Supervisor-linked

akademiese mus
Akademiese Ontwikkelingsentrum:
Tutorontwikkeling & Leerontwikkeling
Akademiese Ontwikkelingsentrum:
Skryfsentrum & Akademiese
Geletterdhede
akademiese drag
akademiese optog
akademici
toegangskaarte (i.p.v. studentekaarte)
toegangsbeheer
